

BEROEPENUUS— (8 Sept. 2013)**Beroepe ontvang**

Ds. SFF van der Walt van Kathu/Olifantshoek-kombinasie na Koster

Beroepe bedank

Dr. JA Erasmus van Odendaalsrus na Newcastle

Ds. TJ van Vuuren van Heilbron na Heidelberg

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is muriel@muriel.co.za. Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

GEMEENTEKAMP— almal wat op die kamp gaan moet asseblief na die eerste erediens in kerk bymekaarkom

Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennisgewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak— 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

WAT BETEKEN DIE KERK VIR U— J.A. Breytenbach— vervolg van verlede week

Van beswaardes se kant kom daar ook herkenning van gereformeerde gesindes, dit kom tot geleentheid wat bygewoon word en eenheid wat gesoek word, maar die ems om jou by die ware kerk te voeg of om te kom tot kerkvereniging, die regte ekumeniese strewes, ontbreek. Die kenmerkende van hierdie kerkbeskouing is die vergeestelike en swewende karakter daarvan.

Aan die een kant word die kerk gesien as die groot geheel van al die lidmate van al die gemeentes. Aan die ander kant skerm sommige gemeentes hulle af van dwaalleer en streef om kerk van Christus te wees, maar dan is die keuse van kerkverband tog weer nie so 'n belangrike saak nie. Hulle hou by die regte leer, maar die grens is die eie gemeente, wat in die ander gemeentes aangaan is rede tot sorg en kommer, maar dit word verdra dat ander gemeentes nie meer gehoorsaam is aan die Here van die kerk nie. Hulle leef maar saam met, en verdra die independentistiese en vrysinnige gemeentes in die kerkverband, en self leef hulle ook by 'n independente skering en inslag. Hierdie beskouings oor die kerk hang saam met 'n aantal sake (wat alhoewel nie altyd almal saam nie, of in dieselfde mate nie, onder mense lewe met wie ons daagliks te doen het en geleentheid het om gesprek te voer): *Word vervolg*

09/09— Francois Keulder 0718837809	14/09— Corrie Kruger 012 347 8852
09/09— Dawie Raath 0824943410	14/09— Luca Netto 0828118108
10/09— Annetjie Fourie 0824669640	14/09— Wilna van der Merwe 0827764823
12/09— Bermari Vorster 0825511656	14/09— Lika van Jaarsveld 0829265423
14/09— Estelle du Plessis 0829696845	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Salomo het by 'n luidard se akker verbygeloop. Had hy bietjie vertoef dan kon hy gebie het op die vendusie — CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF

www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

08 September 2013



EERSTE EREDIENS—(9h00)

Skriflesing: Mattheus 13:1-23

Teks: Mattheus 13: 3a; 10,18

Sing: Ps. 2:5,6; Ps. 143:1,2; Ps. 85:3; Ps. 126:3

NOU IS DIE TYD VAN GELYKENISSE

Nou is die tyd van die gelykenisse. Die Here sal uitkies wie Hom mag verstaan, Hy sal verduidelik wat Hy bedoel net aan hulle wat Hy graag dit duidelik wil maak.

Die Here gee Self drie redes waarom Hy nou van gelykenisse gebruik gaan maak.

Een- Hy maak bepaalde dinge van sy koninkryk bekend.

Twee - Hy gaan bepaalde dinge vir die massas verberg.

Drie- hier is die vervulling van 'n profesie.

KATKISASIE— Katkisasie gaan voort

TWEDE EREDIENS—

Skriflesing: Galasiërs 2; 2 Petrus 1

Teks: Galasiërs 2:20; 2 Petrus 1:10

Kategismus: Sondag 32

Sing: Ps. 86:5,6; Ps. 28:1,6; Ps. 9:1,10

WAAR BEGIN

DANKBAARHEID?

Die sleutelmag van Sondag 31 word nou in Sondag 32 toegepas.

Binne God se koninkryk moet daar dankbaarheid wees. Om dankbaar te wees moet ons eerste praat oor die noodsaaklikheid van goeie werke.

Daarna moet ons ook praat oor die verderflikheid van slegte werke.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/TettoI>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

Vandag-Wyke 16 en 17

Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher
Diakens: Abrie Möller en Adrianus Coertze

Volgende Sondag (15/09) – Wyke 18 en 19

Ouderlinge: Frikkie van Schalkwyk en Jan Fanoy
Diakens: Willem du Plooy

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Br Piet van der Kooi se gesondheid is nie goed nie. Ons dink aan hom en sr Nelie en die familie in hierdie sware tyd. **Br. Kallie Tromp** word na sy gesondheidterugslae volle herstel toegebied. Na groot terugslae is hy na Weskopies. **Oudl Jan Fanoy** is tuis na sy operasie. Dit gaan met hom goed en ons bid hom volle herstel toe. **Sr Amelia Boshoff** het 'n groot rugoperasie ondergaan. Sy is ook tuis. Mag die operasie geslaagd wees en sy volkome herstel. **Sr Pina Schalekamp** het geval en haarself seerge-maak. Ons vertrou dat dit nie te ernstig is nie en sy van die seer gou mag herstel. **Sr Margaretha Coetzee** ontvang DV op 12 Sept. 'n knie-ervangingsoperasie. Mag dit alles goed afloop en sy gou weer herstel. **Sr Gretchen**, die dogter van br en sr Lukas en Hendrienie Huisman was verlede Maandag in n motor-ongeluk. Ons is die Here dankbaar dat sy nie baie ernstig seergekry het nie. **Br Dries de Ridder** is ons dankbaar om van wonderlike beterskap te hoor. Ons bid dat dit so mag voortduur. **Br Lemmie v/d Linde**, van Upington het tye terugslae in sy gesondheid wat met asbestose verband hou. Hy het laat weet dat dit met hom weer baie beter gaan. Ons is saam met hom baie dankbaar daarvoor. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Elof** is nog in Bly-Moedig – kliniek. Ons dink ook aan haar.

ZAMBIË– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die kerkverband amper sy R87000 kerf bereik. Dit nadat daar amper R3000 uitbetaal is vir die herstel van die ou kombi wat die Gerf kerk Naboomspruit aan ons geskenk het om te herstel en dan vir die Zambïë-fonds te verkoop. Ons poog om 'n verdere R40 000 te verkry vir die bediening en sending-werk in Zambïë. n Voertuig is dringend noodsaaklik. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel.

<http://bit.ly/105wmGY>

As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambïë voertuig.

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Christelike onderwys
2de diens	DVB	Instand-houding
15/09/2013 1ste diens	DVB	Teologiese Studentekas
2de diens	DVB	Instand-houding

Spes.-kollekte in die vooruitsig gestel
Op Sondag 15 Sept. 2013 word DV 'n spes. kollekte vir die Gerf Kerk Uitenhage by die deure opgeneem waar die gemeente baie swaarkry.

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
10/09	Finans-en Advies vergd
12/09	Kerkraadsvergd
17/09	Klassis-vergd Daspoort
20/09	Skole sluit
20-22/09	Gemeentekamp

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Ons susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

MEINTJESKOP-GHOLFDAG

Volle besonderhede op kennisgewingbord aangebring.

GEMEENTE-KAMP (sien agterblad)

Almal wat die kamp DV gaan bywoon word versoek om na die eerste erediens in die kerk agter te bly vir die reëlings, indelings en ander sake rondom ons gemeentekamp wat amper ophande is. (lees ook solank die Jona-boek. Ons het gedink om Jona in hoofsaake op die kamp te behandel).

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 5:17

5:17, ontbind/vervul – Jesus korrigeer enige misverstand oor wat Hy tot dusver gesê het. Hy hef **nie** die Wet op nie. Hy gee die God-gewilde inhoud en geldigheid juis daaraan terug. *Op 'n vraag oor die tiendes (bydraes) word in die Kerkblad (15/2/1933) geantwoord dat mens baie versigtig moet wees om sommer te sê dat iets van God se wette in die Nuwe Bedeling afgeskaf of behou is. Vir jou antwoord moet jy baie versigtig wees. In die Nuwe Testament word meer geëis [en ook dat dit nie op die Fariseërs se wyse gedoen word nie]. Sommige dinge het verval [soos brandoffers] maar selfs daarvan het beginsels oorgebly wat nog geld.* [Sien verklaring by vs 38-39.]

Sekere seremoniële en burgerlike wette van die Ou Testament het wel verval, maar daaroor is duidelike aanduiding in die Nuwe Testament. Christus is die einde en vervulling van die Wet, en het die vervloeking weggeneem vir die wat in Hom glo.

5:18, jota – die kleinste letter in die Hebreeuse alfabet.

Titeltjie - 'n strepie, byna 'n kolletjie, wat maak dat sekere letters wat baie na mekaar lyk, van mekaar onderskei kon word. Byvoorbeeld: So 'n kort strepie (titel) maak dat 'n letter as "b" gelees word, maar as dit afwesig is word 'n "k" gelees.

Ooit verbygaan – Selfs die geringste deeltjies van die Wet se eis bly staan. Hierby kom ook die eis dat daar nie aan verander mag word nie !

5:19-20, gebooie breek – Die erns van die hou van die Wet op Christus se spoor, word beklemtoon. *Selfs die kleinste bepaling van God se wil moet gehou word, anders sal iemand die minste genoem word. Groot is die een wat in leer en lewe die Wet vashou.*

Gehoorzaamheid, ware geregtigheid, hang saam met die erwe van die saligheid.

5:21 – 7:14 word deur Totius die tweede deel van die Bergpredikasie genoem. Die eerste deel is die uitnodiging tot die skone belofte van die saligheid, die tweede (hier) die eis van geregtigheid en heiligheid en die laaste is die waarskuwing oor die gerig wat kom. Tot by **5:48** word ware en valse vervulling van die Wet voorgelê. Die Jode se sieninge word weerspreek: **julle het gehoor** (van die Fariseërs) word gestel teenoor **maar Ek sê vir julle** (Christus se Goddelike Woord).

5:21-22. Die Sesde Gebod is die eerste voorbeeld wat Jesus gebruik. Kwade gesindheid teenoor ander is reeds oortreding van die Gebod oor doodslag. Sien 1 Joh 3:15, waar gesê word: "Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie." Haat is strafbaar.

Raka beteken "jou leë mens", dus dat jy hom nie as medemens en naaste beskou nie. Die straf hieroor is swaarder, en behoort deur die Joodse Raad selfs veroordeel te word. Nog erger is om iemand **dwaas** tenoem – iemand wat nie net homself nie, maar ander op 'n dwaalspoor bring (BVA).

die helse vuur – *In Grieks word vir "hel" die woord gehenna gebruik. Dit kom van die Israelitiese naam vir die Dal van Hinnom.* [Dit was die ashope, waar die vuur nie ophou brand nie en die wurm nie sterf nie (Jes 66:24). Liggame van veroordeeldes is ook daar gegooi.] *Twee berge by Jerusalem is "die berg van bese raad" genoem, waar mense na Pilatus se paleis soek, en "die berg van ergernisse", waar Salomo sy afgodiese vroue laat offer het (1 Kon 11:7). Vlakby Jerusalem word dus "in groot simboliese tekenkrif . . . ontsaglike dieptes en afgryskhede" gevind, wat die helse smarte afgeteken het.*

Gawe na die altaar bring, is om versoening met God te soek. Selfs op pad na die gereghof moet die liefde mens noop om eers vrede te probeer maak. *Word vervolg*

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

30 Aug. 1864– Siener van Rensburg gebore; 1 Sept. 1900– Brittanje annekseer Transvaal; 2 Sept. 1814– Dirk van der Hoff gebore; 3 Sept. 1811– Karel Trichardt gebore; 3 Sept. 1880– Ds. Daniel Lindley oorlede; 3 Sept. 1900– OVS geannekseer; 5 Sept. 1900– Kmdt. Danie Theron sneuvel; 6 Sept. 1966– Dr. HF Verwoerd vermoor; 7 Sept. 1801– Sarel Cilliers Voortrekkerleier gebore; 7 Sept. 1975– Miemie Rothman (MER) oorlede; 8 Sept. 1916– Hendrina Joubert egg van genl. Piet Joubert oorlede; 8 Sept. 1901– Dr. HF Verwoerd gebore; 11 Sept. 1900– Pres Paul Kruger verlaat SA finaal; 12 Sept. 1950– Genl. J.C. Smuts oorlede; 15 Sept. 1914– Genl. JH de la Rey doodgeskiet; 17 Sept. 1819– Pres MW Pretorius gebore; 19 Sept. 1933– Ingrid Jonker gebore; 21 Sept. 1912– Prof. Jan Lion Cachet oorlede; 22 Sept. 1948– Paul Roos oorlede; 23 Sept. 1869– Genl. Christiaan Beyers gebore; 22 Sept. 1950– SASOL registreer; 27 Sept. 1830– Hendrina Joubert gebore; 30 Sept. 1931– Voortrekker-beweging gestig